NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

INGENIEURSKOOL

AANSOEKVORM:
15 – 18 JUNIE 2010

(Let wel: Ons kan slegs kinders ouer as 16 jaar akkommodeer)

BESONDERHEDE VAN LEERDER:							
Van:					Voorl.	Manlik/Vroulik:	
Noemnaam:					Graad:	**ID nommer:**	
Posadres:							
					Poskode:	Tel/Sel:	
Taalvoorkeur:	Afr.		Eng.		T-hemp grootte:		
OUER/VOOG:							
Naam & Van:							
Telefoonno: (W)					Sel:		
Faksno:					E-pos:		
BESONDERHEDE VAN SKOOL:							
Naam van skool:					Telefoonno:		
Gaan u die toelatingstoets aflê? (Meer inligting oor hierdie toets word in die skrywe gegee)							

LOOPBAANKEUSE (nommer van 1 tot 4 in volgorde van voorkeur)			
Chemiese en Mineraalingenieurswese		Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese	
Meganiese Ingenieurswese		Rekenaar- en Elektroniese Ingenieurswese	

VOEDSELVOORKEURE (bv. Halaal, Vegetaries, Diabeet)	**ALLERGIEË/SIEKTETOESTANDE**
MERK ASSEBLIEF INDIEN DIE LEERDER 'N EKSTRA NAG BY PALJAS GAAN OORBLY	

Merk asb. toepaslike keuse: **Kostes:**	**R 1050** (Dit sluit in etes en verblyf in Dennepark Gastehuis)		**R 850** (Verblyf uitgesluit maar alle etes ingesluit)	

POS aansoeke en vrywaringsvorms aan**:** Mev. Samantha Delport, Fakulteit Ingenieurswese (Interne Bussie 342), Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus), Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520 ***OF*** **FAKS aansoeke en vrywaringsvorms** na:
(018) 299-1666 **NAVRAE** Tel. (018) 299-1985 of e-pos samantha.delport@nwu.ac.za

KANSELASIES: 'n **R 300** kansellasiefooi sal gehef word indien jy 4 weke of minder voor die aanvang van die Ingenieurskool kanselleer. Die inskrywingsgeld is egter ten volle oordraagbaar na 'n ander aansoeker van dieselfde Ingenieurskool.

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

FAKULTEIT INGENIEURSWESE
Tel: (018) 299 1985
Faks: (018) 299 1666
E-pos: samantha.delport@nwu.ac.za

14 - 18 JUNIE 2010: INGENIEURSKOOL 2010

Baie dankie dat jy dit oorweeg om ons Ingenieurskool by te woon, jy het ‘n goeie keuse gemaak. Dit beloof om ‘n positiewe leerervaring te wees. Ons fokus is om die Ingenieurskool pret te maak, want dit is darem skoolvakansie!

Ontvang hiermee ‘n inskrywings- en vrywaringsvorm. Dit moet ons asseblief so spoedig moontlik bereik. Daar is ‘n beperkte aantal plekke beskikbaar per Ingenieurskool en eerste inskrywings word eerste aanvaar. Nadat ons u aansoekvorm ontvang het, sal ons vir u die nodige bankbesonderhede stuur vir inbetalings.

Net ‘n paar praktiese reëlings om te verseker dat jou kuier by ons aangenaam sal wees:

Aankoms & Registrasie (Tussen 10h00 en 12h00): Voorportaal van ***Dennepark Gastehuis***. Met registrasie sal ons vir u ‘n kaart stuur na Dennepark. U kan na afloop van registrasie na die kampus vertrek waar daar vanaf 11h00 verversings aangebied word in Gebou G20. Om 12h00 vind die verwelkoming in dieselfde gebou plaas. Daar sal rigtingswysers op kampus wees vanaf die toegangshekke in Meyerstraat (Hoofingang) en die hek in Steve Biko laan (Tomstraat).

Kostes:

* R 1050 (etes + verblyf)
* R 850 (etes ingesluit, verblyf uitgesluit)

Verblyf: Julle gaan tuis in Dennepark Gastehuis. Dit is fasiliteite van die Universiteit met dubbelkamers, ontwikkel vir kortkursusse op kampus.

Addisionele Verblyf: Ons kan ongelukkig nie in Dennepark akkommodasie voorsien aan diegene wat ‘n dag vroeër aanmeld nie. Indien jy dus van ver af kom, en al vroeër in Potchefstroom aankom kan jy gerus vir Paljas Backpackers kontak by **018 297 0681**. Hulle is stapafstand vanaf Dennepark en die kampus.

Keuringstoetse: Alle ingenieurswese aansoekers moet ‘n keuringstoets skryf. Hierdie is nie ‘n vaardigheids- of loopbaanbeplanningstoets nie, maar eerder ‘n ingenieurspesifieke hulpmiddel wat gebruik word om leerders se sterk punte en areas van verbetering uit te wys. Matriekleerlinge wat die ingenieurskool bywoon, en oorweeg om vir ingenieurswese in te skryf word ten sterkste aanbeveel om die toets op **Maandag 14 Junie** vanaf 12h00 – 17h00 af te lê. Bevestig asseblief op die aansoekvorm om ’n plek te bespreek vir die aflegging van hierdie toets. Vir enige verdere navrae i.v.m. die **keuringstoetse** kontak asb. vir **Sonette Becker** by **018 299 1547** of e-pos by **sonette.becker@nwu.ac.za**.

Kleredrag: Bring gemaklike klere saam. Die Ingenieurskool is baie informeel, maar onthou om iets warm in te pak vir die aande. Ons gaan tot 23:00 saans besig wees en Potchefstroom kan soms vinnig afkoel na sononder. Vir die nywerheidsbesoek is toe skoene (bv. tekkies) en langbroeke (bv. denims) verpligtend vir veiligheid in die werksplek. Onthou om ook ‘n hoed en sonskerm met ‘n hoë faktor in te pak vir die oggend by die vliegveld.

Vertrek: Die laaste oggend van die Ingenieurskool gaan ons op Potchefstroom se vliegveld ontspan (as die weer dit toelaat) en pret-projekte bou asook kans kry om te sweef. Die ouers is welkom om te kom saam kuier. Om 12:00 gaan die Ingenieurskool amptelik afsluit. Indien ons nie sweef nie, sluit ons die Ingenieurskool af in Gebou G20 waar ons begin het.

Indien daar enige verdere navrae is, moenie huiwer om ons te kontak nie!

Vriendelike groete

Karlé le Roux (018) 299 1665 / Anke Botha 083 610 1984 & Samantha Delport (018) 299 1985
Organiseerders: Ingenieurskool

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

INGENIEURSKOOL 2010

VRYWARINGSVORM

1. Ek, die ondergetekende _____ (ouer/voog

   se volle name en van), ID nommer _____ met my adres te

   _____ bevestig hiermee dat ek/my kind

   _____ die Ingenieurskool (hierna genoem "die Program" georganiseer deur die

   Fakulteit Ingenieurswese van die Noordwes-Universiteit (hierna genoem "die

   Universiteit" sal bywoon vanaf _____ 2010 in Potchefstroom.

2. Ek bevestig verder dat:

2.1 Ek/my kind se deelname aan die Program heeltemal vrywillig is en dat ek/my kind op geen wyse verplig of gedwing is om deel te neem nie;

2.2 Ek/my kind is bewus van die aard en omvang van die Program, en die gepaardgaande aktiwiteite daarvan, en het vooraf die nodige navrae gedoen;

2.3 Ek/my kind is bewus van die risiko's en gevare betrokke daarby om in die geval van 'n motorvoertuigongeluk 'n passasier of bestuurder van 'n motorvoertuig te wees, en in die besonder die risiko's wat persoonlike beserings, persoonlike en/of monetêre skade en fisiese en/of psigologiese trauma insluit.

3. Ek/my kind vrywaar hiermee die Universiteit en stel die Universiteit skadeloos ten enige eis hoegenaamd wat gedurende en/of as gevolg van my kind se deelname aan die Program kan ontstaan en wat ingestel kan word hetsy deur my of my natuurlike of wettige voogde, eksekuteur(s), administrateur(s), regsverkrygendes of opvolgers in titel en/of enige ander derde partye bo en behalwe diegene waarna daar in hierdie akte van vrywaring verwys word vir enige verlies of skade wat deur enige handeling(e) en/of versuim deur die Universiteit veroorsaak kan word, of deur enige van die werknemers, studente, vriende, gevolmagtigdes, genomineerdes, kontrakteurs, subkontrakteurs en/of persone wat namens of in opdrag van die Universiteit optree.

3.1 Hierdie vrywaring is geldig en van krag vir die volle duur van die Program, met inbegrip van enige handeling(e) en/of wanprestasie en/of enige gedrag wat gedurende daardie tydperk kan voorkom, sowel as gedurende die tydperk van vervoer tussen Potchefstroom en die industrie wat besoek word, met inbegrip van maar nie beperk nie tot enige ander vervoer na en vanaf die terrein van die Program, en enige handeling(e) en/of wanprestasie en/of enige gedrag wat gedurende sodanige vervoer kan voorkom of wat op sodanige vervoer betrekking kan hê.

4. Ek vrywaar die Universiteit en/of die werknemers teen enige eis(e) wat gedurende en/of uit hierdie Program kan ontstaan as gevolg van my/my kind se handelinge en/of enige van my direkteure, lede, werknemers, vriende, gevolmagtigdes, genomineerdes, aangestelde ooreenkomssluiters en sub-ooreenkomssluiters, trustees, aandeelhouers en/of enige ander persoon wat namens of volgens my opdragte optree.

5. Die Universiteit en/of sy werknemers is onder geen omstandighede aanspreeklik vir enige regstreekse en/of onregstreekse skade nie, wat enige verlies aan produktiwiteit, verlies aan inkomste, skade of onkoste van enige aard ookal kan insluit, maar nie daartoe beperk is nie, wat ek, my afhanklike(s), eksekuteurs, administrateurs en/of begunstigdes of enige persoon wat

namens my optree as gevolg van enige handeling en/of versuim en/of wanvoorstelling deur die Universiteit en/of die werknemers of amptenare daarvan kan ly.

6. Ek bevestig dat die gebruik van die vervoer in die bogenoemde voertuig vrywillig is en dat ek al die risiko's waarteen ek die bestuurders, sowel as die Universiteit vrywaar, onvoorwaardelik en sonder enige voorbehoude aanvaar.

7. Hierdie voorbehoud is bindend op my/ons afhanklikes, eksekuteurs, begunstigdes en/of enige persoon wat namens of in opdrag van my optree.

8. Ek verleen toestemming dat mediese behandeling indien nodig aan my kind verleen mag word en aanvaar aanspreeklikheid vir verbandhoudende koste, wat op versoek betaalbaar is.

   My kind ly aan die volgende siektes/allergieë wat aan 'n dokter bekend gemaak moet word:

   _____

   _____

Naam van mediese fonds:	
Lidmaatskapnommer:	
Hooflid:	

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 2010.

Leerder/Deelnemer (naam in blokletters)	**Handtekening van Leerder/Deelnemer**
Ouer/Wettige voog (naam in blokletters)	**Handtekening van Ouer/Wettige voog**

As getuies:

1. _____
2. _____